



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2012**

**GESKIEDENIS V2  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.

---

## BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende Leeruitkoms en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:

LEERUITKOMSTE	ASSESSERINGSTANDAARDE
Leeruitkoms 1  (Gesiedkundige ondersoek)	Leerdere kan die volgende doen: 1. Formuleer vrae om begrippe te ontleed vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word. ( <b>Nie vir eksamendoeleindes nie.</b> ) 2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. ( <b>Nie vir eksamendoeleindes nie.</b> ) 3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne 4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in beskikbare getuienis.
Leeruitkoms 2  (Gesiedkundige begrippe)	1. Ontleed gesiedkundige begrippe as maatskaplike boustene 2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word 3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasie en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.
Leeruitkoms 3  (Vertolking van kennis en kommunikasie)	1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk, krities. 2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun. 3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word. 4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings.

1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om bron gebaseerde vrae te assesseer:

<b>VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE</b>	
<b>VLAK 1 (V1)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.</li> <li>• Organiseer die inligting logies.</li> <li>• Verduidelik geskiedkundige begrippe.</li> </ul>
<b>VLAK 2 (V2)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.</li> <li>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.</li> <li>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak.</li> </ul>
<b>VLAK 3 (V3)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.</li> <li>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes subjektiwiteit en gaping in die beskikbare getuienis.</li> <li>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.</li> <li>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasie en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.</li> <li>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekking wat uit die data blyk krities.</li> </ul>

1.3 Die volgende tabel dui aan hoe bron gebaseerde vrae geassesseer word:

<ul style="list-style-type: none"> <li>• By die nasie van alle bron gebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.</li> <li>• By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.</li> <li>• By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.</li> </ul>
--

## UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

VLAK VAN VRAAG
<p><b>Vlak 1</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk vraag uiteengesit word.</li> <li>Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik.</li> </ul>
<p><b>Vlak 2</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.</li> <li>Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.</li> <li>Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel.</li> </ul>

### 2.2 Nasien van uitgebreide werk

<ul style="list-style-type: none"> <li><b>NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.</b></li> <li><b>KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL.</b></li> <li><b>BY DIE ASSESERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.</b></li> </ul>
--

### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk




Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal ook leerders ontmoedig om "model-antwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n punt.
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

### Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met 'n koeëlpunt), 'n relevante slotopmerking (ook aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotmerking nie  
behoorlik kontekstualiseer 
- verkeerde stelling 
- irrelevante stelling 
- Herhaling **R**
- analise **A**✓
- interpretasie **I**✓

## 4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl.7).**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- 4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

- 4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op matriks) van die aanbieding bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

- 4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 18 – 19
A	VLAK 5	

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7).**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

I en A	VLAK 5	18 – 20
--------	--------	---------



**GRAAD 11: HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYWERK TE ASSESSEER (BV. 'n OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE, VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.**

<b>VLAAK</b>	Indien die kandidate alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die Punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.
<b>7 Uitstekend 80 – 100% 24 – 30  (Uitstekend)</b>	Fokus deurgaans op onderwerp-demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne nee rte skryf nie) Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek Verwys korrek na relevante, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne Druk hom-/haarself duidelik uit Eindig met duidelike fokus op die onderwerp-neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike oorspronklike slotsom.)
<b>6 Verdiensielik 70 – 79% 21 – 23  (Baie goed)</b>	Wend goeie pogings aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne Poog om teen-argument te oorweeg Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Goeie uitdrukking Eindig met duidelike fokus op die onderwerp-neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom)
<b>5 Substantief 60 – 69% 18 – 20  (Goed)</b>	Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge Begryp die meeste van die bronne Gebruik die meeste van die bronne Selekteer relevante bronne Uitdrukking goed, maar daar is foute Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekkings te maak.
<b>4 Gemiddeld 50 – 59% 15 – 17  (Bevredigend)</b>	Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Uitdrukking bevredigend Wend poging aan om 'n standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak.
<b>3 Toereikend 40 – 40% 12 – 14  (Redelik)</b>	Geringe poging om te fokus op die onderwerp Min begrip van die bronne Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig Geen aanhalings nie-of oor die algemeen irrelevant Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg Bronne word gelys Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Geringe uitdrukkings Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom)
<b>2 30 – 39% 09 – 11  (Swak)</b>	Kan nie op onderwerp fokus nie Kan nie relevante bronne identifiseer nie Geen aanhalings nie-of meestal irrelevant Poog glad nie om teenargumente oorweeg nie Skryfwerk bloot 'n lys van bronne Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Baie swak uitdrukking Swak poging om standpunt in te neem, indien enige
<b>1 Nie behaal nie 0 – 29% 0 – 8  (Baie swak)</b>	Geen fokus om op die onderwerp te fokus nie. Maak glad nie gebruik van bronne nie. Heeltemal irrelevant. Skryf bron direk oor. Antwoord uiters swak.



**VRAAG.1: HOE WAS RASSISME OP SWART AMERIKANERS IN DIE 1900's IN AMERIKA TOEGEPAS?**

- 1.1 1.1.1 *[Verduideliking van die historiese begrip uit Bron 1A – V1 – LU1 (AS1)]*
- Segregasie wette wat swart mense gedwing het om afsonderlik van wit mense te woon.
  - Openbare fasiliteite soos busse, teaters, kerke en skole was afsonderlik.
  - Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU2 (AS2)]*
- Behandel soos tweedeklas-burgers.
  - Nie toegelaat om dieselfde skole by te woon as blankes nie.
  - Kan nie in dieselfde restaurante eet nie.
  - Nie toegelaat om in dieselfde trein kompartement as blankes te reis nie.
  - Nie toegelaat om te stem nie.
  - Geen deelname in die jurie-stelsel nie. (Enige 2 x 1) (2)
- 1.2 1.2.1 *[Verduideliking van begrip uit Bron 1B – V1 – LU1 (AS1)]*
- Wit rassitiese groep in Amerika
  - Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.2.2 *[Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V1 – LU2 (AS2)]*
- Wit belange te beskerm.
  - Wit superioriteit in stand te hou.
  - Om die land van uitlanders te beskerm.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 3 x 1) (3)
- 1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1 – LU1 (AS3)]*
- Geslaan
  - Huise en besighede afgebrand
  - Gehang
  - Verjaag uit dorpe (Enige 2 x 1) (2)
- 1.2.4 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1B – V2 – LU3 (AS2)]*
- Gehang sonder 'n verhoor.
  - Somtyds was onskuldige swartes vermoor.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 1.2.5 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU2 (AS2)]*
- Dat vroue en kinders deel was in die moord op swartes en ander rasse.
  - Kinders word op 'n vroeë ouderdom van rassehaat geleer.
  - Dra gehoede maskers om hul gesigte te versteek omdat sommige hoog geplaaste amptenare was wat die wet verbreek het.
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

- 1.3 1.3.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1C – V2 – LU3 (AS2)]*
- Volgens Standpunt 1 het segregasie veroorsaak dat swartes verneder, ondergeskik, beledig en hopeloos laat voel.
  - Standpunt 2 verskil in die opsig dat segregasie harmonie tot gevolg het en deur alle rasse ondersteun word.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

- 1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2 – LU2 (AS1)]*
- Sy was gedreig dat enige aksie van haar kant af sou meer probleme vir swartes beteken. (1 x 2) (2)

- 1.3.3 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU2 (AS2)]*

#### **OPINIE TEN GUNSTE**

- Rassisties
- Geforseerde segregasie sal nie eenheid teweeg bring nie.
- Hy het rassisme regverdig.
- Verkeerde interpretasie van die grondwet.
- Enige ander relevante antwoord.

#### **OF**

#### **OPINIE GEKANT DAARTEEN**

- Enige relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 1.4 1.4.1 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1D – V3 – LU3 (AS2)]*
- Volgens Bron 1C, Standpunt 2, het alle vrye persone die reg om hul kinders na skole van hul keuse te stuur.
  - Bron 1D wys dat wit student nie swartes in hul skole wou toelaat nie.
  - Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1D – V2 – LU2 (AS2)]*

- Dit benadruk die feit dat die jonger generasie, en kinders geïndoktrineer was om swartes te haat.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1D – V3 – LU2 (AS2)]*

**Kandidate moet aandui of die stelling geregverdig is of nie-geregverdig is nie en moet hul antwoord motiveer.**

**Geregverdig**

- Vrees dat hulle met geleerde swartes om werkseleenthede sou moes meeding.
- Geleer om ander rasse te haat.
- Enige ander relevante antwoord.

**OF**

**Nie Geregverdig**

- Die Amerikaanse grondwet waarborg gelyke geleenthede vir almal.
- Die Amerikaanse Hooggeregshof het alle openbare fasiliteite gedesegegreer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2, 3 en 4); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- KKK is 'n rassistiese organisasie, wat haat teenoor ander rasse toon.
- Menseregte van swart Amerikaners geskend.
- Die grondwet waarborg gelykheid en menseregte van alle rasse.
- Swart Amerikaners was gehang sonder 'n regverdige verhoor.
- Die Amerikaanse grondwet waarborg dat elke mens die reg tot 'n regverdige verhoor het, voordat hy/sy skuldig bevind word.
- Wit studente het Elizabeth Eckford toegang tot die skool geweier.
- Die Hooggeregshof het openbare skole gedesegegreer.
- Enige ander relevante antwoord. (6)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier bv. <b>Toon geen of min begrip oor hoe die optrede van die KKK verskil het met die konstitusie van Amerika.</b></li> <li>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. <b>Toon basiese begrip hoe die optrede van die KKK verskil met die konstitusie van Amerika.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	Punte: 3 – 4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>Demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die optrede van die KKK verskil met die konstitusie van Amerika.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	Punte: 5 – 6

## 1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasie vaardighede – V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate behoort van die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

### SINOPSIS

In die skryf van hulle opstel moet kandidate verduidelik hoe rassisme op Swart Amerikaners in die 1900's toegepas was.

### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate kan aandui waarom rassisme in die 1900's in Amerika toegepas is of enige aanvaarbare inleiding.

### UITBREIDING

- Kortliks beskryf hoe Sosiale Darwinisme en Eugenetika teorieë bygedra het tot die idees van rassisme.
- Wou vrygestelde slawe nie as gelykes erken nie.
- Vrese dat hulle sou meeding met swartes om werkseleenthede.
- Slawe was as ondergeskiktes beskou teenoor wit Amerikaners.

- Wit Amerikaners nie gereed vir veranderinge en transformasie nie.
  - Jim Crow wette.
  - Swartes gedwing om aparte fasiliteite te gebruik.
  - Swartes geïntimideer om nie te stem nie.
  - Vroeë 1900's het die KKK herleef.
  - Rassistiese organisasie
  - Bedrywigheide van KKK.
  - Enige ander relevante antwoord.
- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat met 'n relevante afsluiting. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

- 1.6.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer – gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**SINOPSIS**

Met die skryf van hierdie verslag moet kandidate die stelling bespreek waarom swart Amerikaners na die afskaffing van slawerny nie werklik vry was nie.

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate kan agtergrond gee oor hoe die idee van rassisme in Amerika ontstaan het.

**UITBREIDING**

- Jim Crow wette op swartes toegepas veral in suidelike state.
  - Swart Amerikaners ontnem van politieke-, ekonomiese- en sosiale regte en gelykheid.
  - In kontras met die konstitusie van Amerika – kan uitbrei.
  - Herlewing van die KKK organisasie.
  - Selfs vroue en kinders geïndoktrineer om ander rasse te haat.
  - Swart Amerikaners was geslaan en gemartel.
  - Gehang sonder 'n verhoor.
  - Nie kans gekry om hul kant van 'n saak te stel nie.
  - Ontneem van menseregte.
  - Nie dieselfde publieke fasiliteite en skole van wit Amerikaners te gebruik nie.
  - Enige ander relevante antwoord.
- Samevatting: Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit. (30)

**[75]**

**Gebruik die holistiese matriks op bladsy 8 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

**VRAAG 2: WATTER FAKTORE VOOR EN NA DIE TWEDE WÊRELD-  
OORLOG HET BYGEDRA TOT DIE DEKOLONISASIE PROSES  
IN AFRIKA?**

2.1 2.1.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU2 (AS3)]*

- Geen vryheid
- Onderdruk
- In kettings vasgevang.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van informasie uit Bron 2A – V1– LU2 (AS2)]*

- Koloniale moondhede
- Brittanje/Frankryk/België/Portugal (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van informasie uit Bron 2A – V2 – LU1 (AS1)]*

- Tweede Wêreldoorlog (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Definisie van konsep uit Bron 2B – V1– LU1 (AS1)]*

- Om eenheid onder Afrikane van Afrika afkoms teweeg te bring.
- Enige relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V1 – LU1 (AS2)]*

- Om kolonialisme te beëindig. (1 x 1) (1)

2.2.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU2 (AS3)]*

- Gely onder onderdrukking.
- Het geen sê gehad in die bestuur van hul land nie.
- Afrika het geen aandeel gehad in die wins wat uit hul lande geneem is nie.
- Afrika was ekonomies uitgebuit deur koloniale moondhede.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU2 (AS3)]*

- Die koloniale moondhede het groot verliese gelei gedurende die Tweede Wêreldoorlog.
- Afrikane wat in die oorlog geveg het, het in kontak gekommet die idees van vryheid en demokrasie.
- Verliese wat gelei is deur die supermoondhede gedurende die oorlog het die idee van die reg van supermoondhede om oor onder ontwikkelende nasies te regeer afgebreek.
- Bewys dat koloniale moondhede nie onoorwinlik was nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1 – LU1 (AS3)]*

- Stakings
- Boikotte (2 x 1) (2)

2.2.6 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU2 (AS2)]***JA**

- Hulle het Afrika lande gemotiveer om kolonialisme te beëindig.
- Om politieke organisasies, werkersunie, ens. te vorm.
- “Ons is vasbeslote om Vryheid te verkry.”
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1 (AS1)]*

- Geen straf vir optrede teen nie-lojaliste.
- Geen skoolfooie
- Sonder pas (permit) reis
- Kon lid van grondhervorming en ander komitees word.
- Koffie en ander kontant gewasse plant.
- Lisensies verkry vir ondernemings in mark gebiede.
- Motorlisensies bekom (Enige 3 x1) (3)

2.3.2 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 2C – V3 – LU2 (AS2)]*

- Kry ondersteuning vir Brittanje.
- Brittanje in 'n positiewe lig te stel.
- Brittanje gesien word as 'n moondheid wat menseregte erken.
- Nie rykdom verloor nie.
- Nie die Mau-Mau ondersteun nie.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V3 – LU2 (AS3)]*

- Vasbeslote om teen Brittanje op te tree.
- Geweld/moord te gebruik
- Toegewydheid aan die Mau-Mau
- Enige iets doen om ontslae te raak van die Britte.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 3) (3)

2.3.4 *[Verduideliking van begrip uit Bron 2C – V1 – LU1 (AS3)]*

- Guerrilla organisasie in Kenia wat teen Britse oorheersing geveg het.
- Enige relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

2.3.5 *[Vergelyk bewyse uit Bronne 2C – V3 – LU3 (AS2 en 3)]*

**Kandidate moet standpunt inneem en hul standpunt motiveer.**

**STANDPUNT 1**

- Omdat mense gelyk het, het hulle lojaliteitssertifikate geteken.
- Daar was voordele vir 'n beter lewe.
- Enige relevante antwoord.

**OF**

**STANDPUNT 2**

- Vasbeslote om onafhanklikheid te verkry.
- Bereid om moord te pleeg.
- Bereid om te veg vir Afrika grond.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU2 (AS3)]*

Kandidate behoort van die volgende in hulle antwoord insluit:

- Afrika was gekoloniseer.
- Regeer deur buitelanders.
- Afrika is uitgebuit tot voordeel van die koloniale moondhede.
- Invloed van die Tweede Wêreldoorlog.
- Invloed van Pan-Afrikanisme.
- Organisasies en werkersunies gevorm om hulle te verset teen kolonialisme.
- Afrikane was gedwing om lojaliteitssertifikate te onderteken.
- Vasbeslote om ontslae te raak van kolonialisme.
- Bereid om te sterf vir onafhanklikheid.
- Enige ander relevante antwoord. (6)



Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier bv. <b>Toon min of geen begrip waarom Afrika lande hulself in kettings bevind het en hoe hulle, hulself bevry het om onafhanklikheid te verkry.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik oor die onderwerp of kan nie oor die onderwerp rapporteer nie.</li> </ul>	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant bv. <b>Toon 'n begrip of kennis waarom Afrika lande hulself in kettings bevind het en hoe hulle, hulself bevry het om onafhanklikheid te verkry.</b></li> <li>• Gebruik die bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	Punte: 3 – 4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>Toon 'n deeglike begrip oor waarom Afrika lande hulself in kettings bevind het en wat hulle daaromtrent gedoen het om onafhanklikheid te verkry.</b></li> <li>• Gebruik die bewyse in 'n effektiewe en georganiseerde paragraaf.</li> </ul>	Punte: 5 – 6

## 2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse – gebruik analitiese- en interpretasievaardigheid – V3 – LU2 (AS2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit.

#### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die opkoms van Swart Nasionalisme tot die onafhanklikheid van Afrika state gelei het.

#### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate kan verduidelik wat bedoel word met die idee van Swart Nasionalisme.

#### UITBREIDING

- Kolonialisme het aanleiding gegee tot die opkoms van swart nasionalisme.
- Kolonialisme het ook gelei tot die verstedeliking en ontstamming van swartes.
- In stede wou swartes soos wittes vryheid, onafhanklikheid en gelykheid hê.
- Opvoedkundige dienste wat deur koloniale moondhede gelewer is het gelei tot die ontstaan van 'n gegoede swart middelklas (elite-klas) bv. K. Nkrumah en andere.
- Die elite klas wat in kontak gekom het met die idee van demokrasie het politieke partye en bevrydingsbewegings begin.

- Afrikane leiers voel hulle is gereed vir Uhuru.
  - Die Tweede Wêreldoorlog het ook bygedra tot die opkoms van swart nasionalisme.
  - Soldate aan die front het in aanraking gekom met die idees van demokrasie.
  - Soos aangedui deur 'n terugkerende Nigeriese soldaat: "Ons was gesê waarom ons veg. Dit is vir vryheid. Ons wil vryheid hê, niks anders as vryheid."
  - Die invloed van Pan-Afikanisme.
  - Hulle moedig eenheid en lojaliteit aan onder Afrikane teenoor Afrika.
  - Te verenig in hul geveg teen kolonialisme.
  - Enige ander relevante antwoord.
- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat met 'n relevante slot. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 om hierdie vraag te assesseer.**

2.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer-gebruik bewyse uit alle Bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun V2 – LU1 – (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik hoe die Tweede Wêreldoorlog bygedra het tot die begeerte om onafhanklikheid te verkry.

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate kan verduidelik waarom Afrika lande hulle in kettings bevind en onafhanklikheid wou hê.

**UITBREIDING**

- Afrika bevind haarself polities, ekonomies en sosiaal onderdruk en in kettings gebind.
- Invloed van die Tweede Wêreldoorlog.
- Soldate wat terugkeer vanaf die oorlog het ook die proses om onafhanklikheid beïnvloed.
- Vryheidsbeweging begin
- Sommige koloniale moondhede huiwerig om onafhanklikheid toe te staan.
- Die VN plaas druk toe.
- Koop Afrikane om deur lojaliteits sertifikate te onderteken.
- Hou Afrikane in onderdanige posisie.
- Lojaliteits sertifikate afgedwing.
- Mau-Mau beweging bereid om te veg vir onafhanklikheid.
- Bereid om moord te pleeg en te sterf vir onafhanklikheid.
- Enige ander relevante antwoord.

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

(30)  
[75]

**Gebruik die holistiese matriks op bladsy 8 om hierdie vraag te assesseer.**

**VRAAG 3: HOE HET DIE VRYHEIDSHANDVES DIE APARTHEIDSREGERING UITGEDAAG EN DIE GEVOLGE DAARVAN?**

3.1 3.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU2 (AS3)]*

- Demokrasie (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU2 (AS3)]*

- Dit het die fondasie gevorm waarop die nuwe grondwet van die nuwe Suid-Afrika gebaseer is.
- Dit het mense van alle rasse met dieselfde doelwitte in Suid-Afrika verenig.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.1.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3A – V3 – LU2 (AS2)]*

- Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika het wit en swart bymekaar gekom om 'n grondwet vir 'n nuwe Suid-Afrika op te stel.
- Alle rasse was verteenwoordig.
- Voorstelle oor wetgewing vir 'n nuwe demokratiese grondwet was gemaak deur gewone Suid-Afrikaanse burgers soos huishulpe, onderwysers, mynwerkers, fabriekswerkers, huisvroue, plaaswerkers, studente en selfs die werklose.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Suid Afrikaanse Indiër Kongres
- Coloured People's Congress
- Kongres van Demokrate
- ANC (Enige 3 x 1) (3)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS1)]*

- Vryheidsmanifes (1 x 1) (1)

- 3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1 – LU1 (AS3)]*
- “n Regering wat op ongelykheid en ongeregtheid gebaseer is.” (1 x 1) (1)

- 3.2.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3B – V3 – LU2 (AS3)]*

Kandidate moet standpunt inneem en hul antwoord motiveer.

**Bruikbaar**

- Alle mense was betrokke by die inhandiging van griewe.
- Griewe het van stedelike- en plattelandse gebiede gekom.
- Enige ander relevante antwoord.

**OF**

**Nie Bruikbaar**

- Vooroordeel
- Weergee net een kant t.g.v. die Vryheidsmanifes.
- Die standpunt van die apartheidsregering word nie gegee nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 3.2.3 *[Vergelyk standpunt 1 met Standpunt 2 – V2 – LU2 (AS2)]*

- Bewys dat almal nie tevrede was met die inhoud van die Vryheidshandves nie.
- Standpunt 1 wys dat almal se wens in ag geneem is, en voordeel sou geniet.
- Standpunt 2 wys die Afrikaniste was ten gunste van die idee dat slegs swartes bevoordeel moet word en nie alle nasionale groepe nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 3.3 3.3.1 *[Verduideliking van begrip uit Bron 3C – V1 – LU1 (AS3)]*

- Pogings om die regering om ver te werp.
- Om jou land te verraai.
- Enige relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)

- 3.3.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU2 (AS2)]*

- Lewenslange tronkstraf.
- Gehang word. (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU2 (AS3)]*

- Leiers en organisasies oneffektief te hou.
- Verdere verset aksie teen die regering te stop.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.3.4 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU3 (AS2)]*

- Die staat het gevrees dat geweld sou uitbreek.
- Mense kon die gevangenes probeer bevry.
- Die regering het bewus geword van die mag van massa beweging.
- Die regering het besef hoeveel aanhang Mandela en andere geniet het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU3 (AS2)]*

- Mense wat hulle teen apartheid verset het was sleg behandel.
- Simbolies van die onderdrukkende neigings van die regering.
- Meerderheid van die mense soos diere behandel.
- Enige relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.6 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU2 (AS2)]*

- Nie ernstig
- Ingesluimer
- Gelees
- Blokkiesraaisel ingevul
- Skaak gespeel
- Enige relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

3.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse van alle bronne – V3 – LU2 – (AS3)]*

Kandidate behoort van die volgende in hulle antwoord insluit:

- Vergadering gehou te Kliptown.
- Verteenwoordigers van verskillende organisasies genooi.
- Alle rasse teenwoordig.
- Politieke aspirasie verkry vanaf gewone burgers in stedelike- en landelike gebiede.
- Vorm die basis van die nuwe grondwet in Suid-Afrika.
- Daar word voorsiening gemaak vir die wense van alle rasse in die nuwe grondwet.
- Belowe vryheid aan almal.
- Alle rasse sal politieke-, ekonomiese- en sosiale gelykheid geniet.
- Enige ander relevante antwoord. (6)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. <b>Toon geen begrip oor hoe die Vryheidshandves die wense van die mense verteenwoordig en sy verbintenis met die nuwe konstitusie van Suid-Afrika.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik oor onderwerp of kan nie oor die onderwerp rapporteer nie.</li> </ul>	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant bv. <b>Toon 'n bewys of kennis oor hoe die Vryheidshandves die wense van die mense verteenwoordig en sy verbintenis met die nuwe Suid-Afrikaanse konstitusie.</b></li> <li>• Gebruik die bewyse op 'n elementêre manier.</li> </ul>	Punte: 3 – 4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>Toon 'n deeglike begrip oor hoe die Vryheidshandves die wense van die mense verteenwoordig en sy verbintenis met die nuwe konstitusie van Suid-Afrika.</b></li> <li>• Gebruik die bewyse in 'n effektiewe en georganiseerde paragraaf.</li> </ul>	Punte: 5 – 6

### 3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3, en 4)]*

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit.

#### SINOPSIS

Kandidate moet die verskillende vorms van weerstand teen die Apartheidsregering gedurende die 1950's aandui.

#### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate kan aandui die verskillende wyse van verset wat teen apartheid in die 1950's gebruik was.

#### UITBREIDING

- Die minagting verset beweging nie werklik sy doelwit bereik nie.
- Aan die ander kant die ledetal toegeneem.
- Wêreld se aandag gevestig op apartheid.
- Die Kongres Alliansie en die Vryheidshandves
- Die anti-pasveldtog van vroue
- Die Hoogverraad verhoor
- Stigting van die PAC – POQO en MK.
- Enige ander relevante antwoord.
- Samevatting: Kandidate moet hulle argument met relevante bewyse afsluit.

(30)

**Maak gebruik van die matriks op bladsy 7 om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

- 3.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer – gebruik inligting uit al die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

#### SINOPSIS

Kandidate moet 'n verslag skryf oor hoe die weerstandsbeweging met 'n nuwe verset plan, die Kongres Alliansie begin het en die gevolge daarvan.

#### HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate kan 'n agtergrond gee oor die gedeeltelike mislukking van die Verset of Minagtings veldtog wat veroorsaak het dat die verstandsbeweging vorendag gekom het met 'n nuwe verset plan.

#### UITBREIDING

- Die ANC se besluit om 'n dokument op te stel vir 'n nuwe nie-rassige Suid-Afrika.
  - Beroep gedoen op alle weerstandsbewegings
  - Ontmoet te Kliptown – 1955
  - Nie alle leiers teenwoordig a.g.v. beperkingsmaatreëls.
  - Vergadering deur blanke Demokraat gelei
  - Polisie teenwoordig – soek passe en reis permitte.
  - Wense en griewe ingesamel vanaf alle burgers – stedelik- en plattelandse gebiede.
  - Optrek van die Vryheidshandves
  - Vryheidshandves gesien as 'n kommunistiese dokument.
  - Om die regering omver te werp.
  - Lei tot Hoogverraad Verhoor.
  - Skuldiges deur gewapende weermag en polisie begelei.
  - Skuldiges ingehok soos diere.
  - Was simbolies van die regering se beleid teenoor rasse.
  - Regering die prosedure laat sloer.
  - Beskuldigdes nie veel ag geslaan op prosedure nie – 'n teken van verset.
  - 1961 – alle beskuldigdes vrygespreek.
  - Enige ander relevante antwoord.
- Samevatting: Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit.

**Gebruik die holistiese rubriek op bladsy 8 om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

(30)  
[75]

**TOTAAL: 150**